Wat ons nié is nie

Opsomming: Anders as wat sommige kwaadwillige politici en amptenare wat ‘n politieke agenda het verkondig, geld die volgende: a) Ons is nie 'n sambreel wat dekking bied aan wettelose mense nie, en ons moedig nie mense a om die wet te breek nie. Ons help juis tuisskolers om die owerheid te verplig om sy eie wette te gehoorsaam. Kortom, ons beywer ons vir 'n ordelike regstaat. b) Lidmaatskap van die Trust is nie 'n alternatief vir registrasie by onderwysdepartemente nie. Baie lede van die Trust is by onderwysdepartemente geregistreer. Trouens, tuisskolers wat by onderwysdepartemente geregistreer is het to dusver veel meer konflik met die departemente ervaar as gesinne wat nie geregistreer is nie. Daardie gesinne wat by die departemente geregistreer is het dus hul lidmaatskap van die regsfonds vir tuisonderwys nog meer nodig as dié wat nie geregistreer is nie. c) Die Trust is nie op winsbejag of uitbuiting van tuisskoolgesinne ingestel nie. As ons was sou die Ontvanger van Inkomste onmiddelik ons belastingvrystelling kanseleer.

Daar het enkele wanvoorstellings aangaande die Trust ontstaan, veral uit geledere wat kwaadwillige politici en amptenare wat ‘n politieke agenda het. Hierdie wanvoorstellings mislei baie tuisskolers en lede van die publiek. Vier van hulle word hier aangespreek. Ons is nie ‘n sambreel wat dekking bied vir wettelose mense nie. Sommige mense dink – want baie amptenare sê vir hulle so – dat die Pestalozzi Trust mense aanmoedig om die wet te breek. Die teendeel is waar. Ons is juis daar om ons lidgesinne te help om hulle te beskerm teen amptenare wat die wet breek. Maar breek amptenare dan die wet? Inderdaad – amptenare is per slot van rekening mense. Maar daar is iets meer. In lande soos die VSA, waar tuisonderwys al lank wettig is, ontstaan baie hofsake in die geval van tuisonderwys daaruit dat amptenare ultra vires optree – hul wettige magte oorskry[[i]]. Die meeste amptenare is nie kwaadwillig nie. Wel onkundig. Navorsing in die VSA het bevind dat amptenare wat die wette op tuisonderwys moet toepas, deurlopend onkundig is oor twee sake: die wette wat hulle moet toepas en die tuisonderwys waarop hulle die wette moet toepas (Boothe et al 1997:41). Ons eie ervaring hier plaaslik, toon dat dit in Suid-Afrika nie anders gesteld is nie. Navorsing dui verder daarop dat sommige amp-tenare bloot nie bekend is met die algemene beginsels waarvolgens hul magte in wetgewing beperk word nie[[ii]]. Die saak van Harris, in die Grondwetlike Hof, bevestig ons eie ervaring dat amptenare – en selfs die minister – nie verstaan dat hul beleidsdokumente nie wette is nie en dat dit nie afgedwing kan word nie. Die meeste amptenare waarmee ons te doen kry meen dat die minster en amptenare die mag het om beleid en prosedures uit te vaardig wat wetlik afgedwing kan word. As dit waar was, sou beteken dat amptenare in werlikheid die wet maak – wat duidelik teenstrydig is met die Grondwet. Dit sou gewoon die parlement met sy verkose verteewoordigers oorbodig maak. (Let wel – wanner ‘n wet uitdruklik daarvoor voorsiening maak, mag ‘n minister “ondergeskikte” wetgewing uitvaardig, maar slegs in die vorm van behoorlik gemagtigde regulasies. Beleid is nie regulasies nie, en daarom is dit nie wet nie en is dit geen misdryf om nie te voldoen aan beleidsbepalings nie.) Kundiges op die gebied van die administratiefreg toon dan ook dat hierdie soort onkunde van amptenare die grootste enkele oorsaak van menseregteskendings is[[iii]]. Dit is daarom ‘n bron van kommer dat, internasionaal, ‘n besonder groot persentasie van die hofsake wat in grondwetlike howe beland juis oor onderwysaangeleenthede handel[[iv]]. Belangrike voorbeelde van onwettige magsoorskryding sluit in: a) Die nasionale beleid oor die registrasie van tuisleerders vereis ouers hul kinders moet onderrig volgens die “Hersiene Nasionale Kurrikulumstandaard” (die nasionale kurrikulum, ook bekend as “Kurrikulum 2005” of “uitkomsgebaseerde onderwys”). Aangesien dit ‘n beleidsdokument is, en nie wet nie, is dit nie afdwingbaar nie[[v]], maar amptenare verklaar prontuit dat dit wel die wet is en vereis dat ouers moet onderneem dat tuisleerders daarvolgens onderrig sal word en daarvolgens ge-eksamineer sal word om te verseker dat hulle voldoen. Ongelukkig is min amptenare gretig om ingelig te word oor die ware perke van hul wettige magte. Hulle hou daar niks van nie. Die probleem is natuurlik dat baie ouers juis tuisonderwys kies omdat hulle nié wil hê dat hul kinders alles moet leer soos dit in die regering se kurrikulum voorgeskryf word nie. b) In feitlik alle provinsies dring amptenare daarop aan om die huise van tuisleerders te inspekte en te besoek. Hierdie praktyk word nêrens in enige wet gemagtig nie. Trouens, enige wet of beleid wat sou voorgee om dit te magtig sou ook direk teenstrydig wees met die grondwet, soos die Grondwetlike Hof reeds jare gelede in die saak van Mistry[[vi]] beslis het. Dit is ook bekend dat die regsadviseur van die onderwysminister die provinsiale amptenare gewaarsku het dat hulle nie mag eis om die huise van tuisleerders te besoek nie. Desnieteenstaande word sulke besoeke amper deurgaans vereis. Onderwyskundig bestaan daar geen rede vir sulke besoeke of inspeksies nie. Alle inligting wat amptenare regmatiglik aangaande die onderwys van tuisleerders mag aanvra kan op minder indringerige maniere bekom word. En die Grodnwet bepaal dat, as daar minder indringerige opsies bestaan, amptenare verplig is om die minder indringerige opsies te gebruik. Daar bestaan wel ‘n gevaar wanneer amptenare tuisonderwys inspekteer. Daar is feitlik geen onderwysamptenaar wat enige opleiding of ervaring in tuisonderwys het nie. Al hul opleiding en ervaring het slegs betrekking op skoolonderwys. Die gevolg is dat onderwysamptenare, net soos die meeste beginners in tuisonderwys, hul idees oor tuisonderwys ekstrapoleer uit hul kennis van skoolonderwys. Net soos beginnertuisskolers neig hulle ook om daardie skoolidees op die tuisonderwys toe te pas. Beginnertuisskolers leer uit ongeveer twee jaar of meer se stampe en stote dat daar grondige verskille is tussen skool- en tuisonderwys. Amtenare kry nie hierdie ervaring nie, en hul skoolse verwagtinge reflekteer gevolglik in die aanbevelings wat hulle maak en die verslae wat hulle skryf. Hierdie aspek kan die gesin duur te staan kom indien sulke onderwysamptenare ooit in hofsake moet getuig oor wat hulle in die gesin se huis gesien het. Ouers word wel dikwels oorgehaal dat sulke besoeke noodsaaklik is om kwansuis te verhoed dat tuisonderwys misbruik word as dekmantel vir die uitbuiting of mishandeling van kinders. Die regsfeit is dat onderwysamptenare nie opgelei of professioneel bevoegd is om diagnoses van uitbuiting, mishandeling of verwaarlosing te maak nie. Dit is die professionele gebied van maatskaplike werkers. En, soos die hofverslae van baie lande toon, lê die veld van die gesinsreg bestrooi met die wrakke van gesinne wat uitmekaar

geskeur is deur die verwysdering van kinders na onkundige en oningeligte oordele van ongekwalifiseerde amtenare. In sommige jusidiksies is meer as 60% van hierdie traumatiese ingrepe later onregmatig bevind. Per slot van rekening: As die wetgewer van oordeel was dat hierdie taak deur onderwysamptenare verrig kon word sou die wetgewer dit uitdruklik in wetgewing gemagtig het soos die grondwet vereis wanneer dit geregverdig is om op so ‘n wyse inbreuk te maak op die fundamentele reg op privaatheid. Daar is ‘n groot aantal ander voorbeelde van amptenare wat hul magte op sulke wyses oorskrei. Almal van hulle lei wel vroeër of later tot konflik tussen tuisskoolgesinne en onderwysamptenare. Word ons lede verbied om hul kinders by onderwysdepartemente te registreer? Nee, inteendeel. Die Trust het tot enkele jare gelede sy lede sterk aangeraai om hulle ten minste by die onderwysdepartemente aan te meld. Weens die toename in onwettige vereistes wat die onderwysdepartemente stel as voorwaarde vir registrasie kan die Trust dit nou nie meer doen nie. Die funksie van die Trust is nié om vir sy lede voor te skryf oor hoe hulle hul kinders moet onderrig, of hoe hulle hul verhouding met die owerheid moet reël nie. Die rol van die Trust is om sy lede in te lig sodat hulle ingeligte besluite oor hierdie sake kan maak. Daarna ondersteun die Trust die reg van sy lede om hul eie besluite oor hierdie sake te maak, en help hulle om die regsgevolge van die besluite te bestuur. Want, weens die onwettigheid van die wyse waarop onderwysdepartemente te werk gaan, het alle besluite wat ouers oor tuisonderwys maak potensiële regsgevolge. Ons is nie ‘n alternatief vir die onderwysdepartement nie. Die meeste nuwelinge dink dat ons ‘n alternatief is vir registrasie by die owerheid. Dat mens óf by die onderwysdepartement registreer, óf by die Pestalozzi Trust aansluit. Dit is nie so nie. Trouens, die Trust en sy voorgangers het hulle beywer vir die wetgewing wat voorsiening maak vir die registrasie. Inderdaad is ongeveer 15% van ons lede dan ook by onderwysdepartemente geregistreer. Wanneer lede by die onderwysdepartement registreer, sal ons hulle help as hulle probleme het om geregistreer te kom. En wanneer die registrasie by die onderwysdepartement hul kinders begin benadeel, help ons hulle weer. Want dit is juis daardie tuisskolers wat by die onderwysdepartement registreer wat vroeër of later in konflik met die amptenare kom. Die mense wat nié probleme kry nie, is daardie 90% of meer wat nie by onderwysdepartemente registreer nie. Waaroor ons wel ons lede en ander moet waarsku (want dit is ons werk) is dat die onderwysdepartemente vele onwettige eise stel as voorwaarde vir registrasie. Ons moet ook daarop wys dat dit nooit in die beste belang van kinders kan wees om onderwys te ontvang volgens onwettige voorskrifte nie. Dit is wel waar dat ons regsadvies ontvang het dat ons, terwyl die onderwysdepartemente soveel onwettige prosedures met registrasie afdwing, ons nie moet aanbeveel dat tuisskolers by die onderwysdepartemente registreer nie. Indien ons wel sulke aanbevelings sou maak, loop ons die gevaar dat ons lede groot eise teen ons kan instel wanneer die nadele van registrasie hul kinders en gesinne die een of ander tyd begin tref. Ons is nie ‘n geldmaakorganisasie nie. Sommige amptenare (bv in die Vrystaat en Noord-Wes) hou daarvan om tuisskolers te probeer oortuig dat die Pestalozzi Trust ‘n geldmaakorgansiasie is, wat die publiek uitbuit. Die teendeel is waar: die Trust is ‘n geregistreerde openbare weldaadsorgansiasie wat vrygestel is van inkomstebelasting juis omdat sy aktiwiteite volgens wet voldoen aan die vereiste dat dit tot die voordeel van die Suid-Afrikaanse samelewing is. Trouens, die grootste deel van die trust se werk word in die vorm van onbetaalde vrywilligerdienste gedoen. Selfs die betaalde amptenare van die Trust word slegs betaal vir ongeveer een derde van die werk wat hulle vir die Trust doen.

[i] (Ohio State Legislative Office of Edu-cation Oversight 1995:4) [ii] (Klicka 1995a:382) [iii] V
en Heimbold (1995: 161-162) [iv] Beckmann (1995:20) [v] Harris se saak [vi] Mistry se saak